Bib

131/84

14/83

N v H

S M J GORDON teen R & H MOTORS (EDMS) BPK

SMALBERGER, Wn AR:-

14/83

N v H

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| MEV SUSANNA MARIA JOHANNA GORDON | Appellante |
| en | |
| R & H MOTORS (EDMS) BEPERK | Respondent |

CORAM: KOTZé, JOUBERT, ARR,

et SMALBERGER, Wn AR

VERHOORDATUM: 8 NOVEMBER 1984

LEWERINGSDATUM: 23 NOVEMBER 1984

---

U I T S P R A A K

SMALBERGER, Wn AR:-

Die appellante, behoorlik bygestaan deur haar man, met wie sy binne gemeenskap van goed getroud is, het in die Oranje Vrystaatse Provinsiale Afdeling 'n eis om

skadevergoeding / .........

skadevergoeding teen die respondent ingestel voortspruitend uit die respondent se beweerde kontrakbreuk. Die partye, met die hof <u>a quo</u> se goedkeuring, het ooreengekom om die verhoor te beperk tot die beslegting van slegs die meriete van die appellante se geding, en enige oorblywende geskil= punte met betrekking tot haar skade vir latere beslissing te laat oorstaan. Na aanhoor van die getuienis het die verhoorregter teen die appellante bevind, en absolusie is aan die respondent toegestaan, met koste. Die appel= lante kom nou in hoër beroep teen hierdie bevel.

Die volgende feite is òf gemene saak òf word nie betwis nie. Die appellante en haar man het vroeg die oggend van 15 April 1980 in verskillende voertuie vanaf hulle plaas na Kroonstad gereis, ŉ distansie van nagenoeg

sewe kilometers. Die appellante het met 'n Peugeot 404, wat etlike maande vantevore tweedehands aangekoop is, gery. Sy en haar man het vooraf afgespreek om by 'n sekere vulstasie in Kroonstad te ontmoet waar hulle brandstof sou ingooi. Daarvandaan sou die appellante na Welkom gaan. Toe die appellante Kroonstad binnegaan, het die Peugeot se remme onklaar geraak. Met die trap van die rempedaal het dit tot teenaan die vloer gesak sonder dat daar enige remkrag was. Die appellante het tevergeefs herhaalde pogings aangewend om die remme te laat vat deur die rempedaal op en af te beweeg (te "pomp"). Sy het versigtig sonder remme voortbestuur na die vulstasie waar sy haar man sou kry. Na haar aankoms daar het haar man die Peugeot se remme getoets, maar hy het ook gevind

dat / ....................

dat hulle nie werk nie. Hy het twee botteltjies remvloeistof gekoop en die inhoud van een botteltjie gebruik om die remvloeistof in die Peugeot se remstelsel aan te vul. Dit het geen verbetering in die toestand van die Peugeot se remme teweeggebring nie. Die appellante is toe deur haar man aangesê om die Peugeot na die respondent se motorhawe te neem, wat sy wel gedoen het.

Daar is etlike geskille tussen die appellante en die respondent aangaande wat by die motorhawe plaasge= vind het. Volgens die appellante het sy ŉ werknemer van die respondent, ene Lindeque, ingelig oor die voor= afgaande gebeure en die toestand van die Peugeot se remme, en gevra dat hulle reggemaak word. Lindeque

het / ................

het daartoe ingestem, en 'n werktuigkundigé aangewys om die nodige herstelwerk te doen. Sy het buite gewag terwyl daar aan die Peugeot gewerk is. Die werktuig=kundige het haar later kom sê dat die Peugeot gereed is. Toe sy daarna die werkswinkel binnegaan, het sy ene Pearson, die respondent se diensbestuurder, vir die eerste keer daardie oggend opgemerk, en het hy, op haar versoek, onderneem om haar man se rekening met die koste van die herstelwerk te debiteer. Daarna is sy van die motorhawe af weg.

Lindeque ontken dat hy die betrokke oggend by die motorhawe was en dat die appellante enige versoek in verband met die Peugeot se remme aan hom gerig het. Pearson het getuig dat die appellante hom genader het met

'n versoek / ..............

ŉ versoek om die Peugeot se remme te bloeí. Hy het ŉ werktuigkundige, ene Van der Watt, aangesê om dit te doen. Van der Watt bevestig dat hy die opdrag ontvang het, en dit uitgevoer het. Volgens Pearson en Van der Watt het die appellante langs die Peugeot gestaan terwyl die remme gebloei is. Nadat Van der Watt die remme gebloei het, moes hy die remvloeistof aanvul. Die appellante het hom ŉ botteltjie remvloeistof wat in die Peugeot was vir dié doel aangebied, en hy het daarvan gebruik. Volgens Pearson was daar geen werkskaart uitgemaak nie omrede geen remvloeistof deur die respondent verskaf is nie, en die bloei van die remme ŉ betreklike geringe werk was wat as ŉ guns vir die appellante gedoen is. Daar was ook geen sprake dat die appellante se man

met enige herstelkoste gedebiteer sou word nie. Na hy die remme gebloei het, het Van der Watt die rempedaal getoets en hom sodoende tevrede gestel dat die remme behoorlik werk. Die Peugeot is toe aan die appellante terugbesorg.

Die appellante het verder getuig oor die gebeure nadat sy die motorhawe verlaat het. Met die wegry het sy die remme getoets deur die rempedaal te trap. Die remme het normaalweg gevat. Op pad uit Kroonstad onderweg na Welkom, het die remme skynbaar behoorlik gefunksioneer. Nadat sy ʼn tydlank met die Kroonstad-Welkom hoofweg gery het, het sy ʼn aantal stadig-bewegende voertuie ingehaal. Tot op daardie stadium het sy geen fout met die Peugeot se remme en stuurstelsel agtergekom nie.

Toe sy by die voertuie kom, was sy genoodsaak om hard rem te trap. Met die aanwending van die remme het die Peugeot skielik na regs uitgeswaai, oor die pad beweeg en teen 'n staalreling aan die teenoorgestelde kant van die pad gebots. Daarna het die Peugeot in die pad in terugbeweeg en op die appellant se verkeerde kant van die pad met 'n aankomende voertuig, bestuur deur ene Myburgh, gebots. As gevolg van die botsing het die appellante verskeie beserings opgedoen. Dit is die appellante se saak dat die Peugeot se skielike swenk na regs toe die remme aangewend is, daaraan te wyte was dat die regtervoorwiel se rem, weens vuiligheid in die rem=stelsel, vasgeslaan het.

Die / ....................

Die geskilpunte in die onderhawige saak gaan oor die terme van die ooreenkoms wat tussen die partye aangegaan is, en die nakoming daarvan al dan nie deur die respondent. Die appellante steun op 'n ooreenkoms waarkragtens die respondent sou onderneem het om die remme van die Peugeot te herstel. Volgens die respondent was die ooreenkoms beperk tot die bloei van die Peugeot se remme, dws, die suiwering van die Peugeot se hidrouliese remstelsel van enige lug. Die respondent aanvaar dat enige ooreengekome werk uitgevoer moes word op 'n behoorlike en vakkundige wyse. Die appellante beweer dat die ooreenkoms waarop sy steun nie behoorlik deur die respondent nagekom is nie aangesien alle vuiligheid en onsuiwerhede nie uit die Peugeot se remstelsel verwyder is nie, met

die / ....................

die vasslaan van die rem en die daaropvolgende botsing tot gevolg. Daarteenoor maak die respondent staat op die feit dat die Peugeot se remme behoorlik gebloei is deur sy werktuigkundige.

Die las rus op die appellante om die ooreenkoms waarop sy steun, en die nie-nakoming daarvan deur die respondent, te bewys. (Kriegler v Minitzer and Another 1949(4) SA 821 (A); Topaz Kitchens (Pty) Ltd v Naboom Spa (Edms) Bpk 1976(3) SA 470 (A) ). In die verband het die verhoorregter bevind dat die appellante haar nie van hierdie las gekwyt het nie, en dat sy "nie 'n ooreenkoms bewys het wat buite die bloei-proses gaan met die doel om die lug in die pype te verwyder nie". Na my mening is die verhoorregter se bevinding in die

verband onaanvegbaar.

Die appellante se getuienis bots in wesenlike opsigte met die van Lindeque, Pearson en Van der Watt. Die appellante se bewering dat sy 'n ooreenkoms met Lindeque aangegaan het, strook nie met die bewering in haar pleitstukke nie dat sy Pearson opdrag gegee het dat "die remstelsel behoorlik herstel moes word". Dit is waarskynlik dat sy met Pearson sou onderhandel het aangesien sy hom geken het, en haar man haar uitdruklik gesê het om Pearson te gaan sien in verband met die remprobleem. Die waarskynlikhede dui ook daarop dat Pearson, wat aan die verhoorregter as "'n platweg eerlike en reguit besigheidsman" voorgekom het, alleenlik deur die appellante versoek was om die

remme / ..........

remme van die Peugeot te bloei. Normaalweg sou daar nie van ŉ dame soos die appellante verwag word om so ŉ tegniese versoek te rig nie. Aan die hand van die getuienis van die deskundige getuies, Greyvenstein en Snyman, is dit egter duidelik dat die probleem met die Peugeot se remme waarmee die appellante te make gehad het, veroorsaak is deur die aanwesigheid van lug in die Peugeot se remstelsel as gevolg waarvan daar geen drukking in die remstelsel was nie. Die appellant se man beskik oor ŉ mate van kennis van remstelsels, en het op sy plaas aan sy eie voertuie se remme gewerk. Hy het ongevraagd in sy getuienis van die bloei van die Peugeot se remme gepraat, en blyk dit uit sy getuienis in die geheel gesien dat hy in gedagte gehad het dat die bloei van die remme

die remprobleem sou oplos. Hy ontken dat hy die appellante opdrag gegee het om te versoek dat die remme gebloei word. Met die oog op sy eie kennis en ondervinding is dit uiters waarskynlik dat hy dit sou gedoen het, en dat die appellante Pearson dienooreen= komstig sou versoek het. Van der Watt se getuienis dat die appellante die benodigde remvloeistof verskaf het vir die aanvulling van die remvloeistof in die remstelsel is ook meer waarskynlik as die appellante se ontkenning tot die teendeel. Dit is logies en waar= skynlik dat die appellante se man die oorblywende bottel= tjie remvloeistof aan haar sou gegee het ingeval sy dit benodig eerder om dit na sy plaas te neem waar hy reeds ŉ voorraad remvloeistof gehad het. Dat by die respondent

se / ............

se motorhawe daar geen werkskaart uitgemaak is vir die aankoop van remvloeistof nie, wat die geval sou gewees het as die respondent dit moes verskaf het, dui daarop dat die benodigde remvloeistof deur die appellante verskaf is. Die feit dat die appellante by die motorhawe gewag het terwyl daar aan die remme gewerk is, dat geen werks= kaart uitgemaak is nie en die werk sonder betaling as ŉ guns gedoen is, is ook aanduidend dat daar op ŉ betreklike geringe werkie ooreengekom is, naamlik, die bloei van die remme, eerder as die herstel van die remme, wat ŉ groot werk kon gewees het. Gevolglik moet die beweerde nie-nakoming van die ooreenkoms tussen die appellante en die respondent beoordeel word aan die hand van ŉ ooreenkoms waarkragtens die respondent onderneem het om die Peugeot se remme te bloei.

Van der Watt, wat jarelange ondervinding as ŉ werktuigkundige het, het getuig dat hy die Peugeot se remme gebloei het deur die bloeipunt op elke wiel om die beurt los te draai sodat lug in die remstelsel kon ontsnap. Dit is skynbaar die aanvaarde prosedure vir die bloei van remme. Volgens Van der Watt het hy opgemerk dat daar lugborrels uit die remvloeistof ontsnap. Hy erken dat hy nie spesifiek opgelet het of daar vuiligheid in die remvloeistof was nie. Na hy die remme gebloei het, het hy die remvloeistof aangevul en die remme getoets deur die rempedaal te trap. Die rempedaal het normaal gevoel, wat ŉ aanduiding was dat die lug uit die remstelsel gesuiwer is.

Namens die appellante is daar betoog dat al was daar net ooreengekom dat die respondent die Peugeot

se / ............

se remme sou bloei, die ooreenkoms nie nagekom was nie aangesien, eerstens, daar nie op vuiligheid in die remstelsel gelet was nie, en die remstelsel nie van bestaande vuiligheid gesuiwer was nie en, tweedens, die Peugeot nie daarna op die pad getoets was om vas te stel of die remme doeltreffend werk of nie.

Die respondent se deskundige, Greyvenstein, het getuig dat al wat met die bloei van remme be-oog word, is om lug uit die remstelsel te verwyder. Volgens hom is dit nie nodig om op vuiligheid in die remvloeistof te let nie tensy daar drukking in die remstelsel opgebou het, wat nie hier die geval was nie. Remvloeistof in die pype wat vanaf die remhoofsilinder na die wiele van ŉ voertuig loop word nie met normale gebruik so vuil dat

die aanwesige vuiligheid enige uitwerking op die rem= stelsel kan hê nie. Van der Watt se opvatting van wat die bloei van remme behels strook met die van Greyvenstein, te oordeel aan die wyse waarop hy te werke gegaan het met die bloei van die Peugeot se remme. Toe die appellante se deskundige, Snyman, gevra is wat met die bloei van remme bedoel word, en waarom remme gebloei word, was sy antwoord: "Wel, as daar lug in die sisteem is, die enigste manier om lug uit die sisteem uit te kry, is om hom te bloei". Hiermee het hy duidelik te kenne gegee dat die bloei van remme net die verwydering van lug in die remstelsel vereis. Eers later het hy beweer dat dit 'n verdere vereiste was om op vuiligheid in die remvloeistof te let en, indien daar is, die hele remstelsel skoon te maak.

Ofskoon / ............

Ofskoon Van der Watt getuig het dat wanneer hy rem= me bloei hy normaalweg die betrokke voertuig op die pad toets, blyk dit beide uit sy getuienis en dié van Pearson dat so 'n toets nie noodsaaklik is nie. Snyman het getuig oor die belangrikheid van 'n padtoets na die herstel van remme, maar het klaarblyklik uitgebreide herstelwerk in gedagte gehad en nie net die bloei van remme nie. Nadat die Peugeot se remme gebloei was, is die rempedaal getoets deur dit te trap en het dit oënskynlik normaal gefunksioneer, wat aandui dat die bloeiproses suksesvol uitgevoer was. Die appellante se eie ervaring met die remme nadat sy die motorhawe verlaat het, was dat hulle behoorlik gewerk het, en 'n padtoets sou in elk geval waarskynlik nie meer as dit opgelewer het nie.

Allès inaggenome kan dit myns insiens nie gesê word dat die appellante bewys het dat die ooreenkoms om die

Peugeot se remme te bloei meer vereis het as die verwydering van lug van die remstelsel nie, wat wel gedoen is. Dat die werk nie net uitgevoer is nie, maar ook behoorlik en doeltreffend gedoen is, spreek vanuit die feit dat die appellante, nadat sy die motorhawe verlaat het, geen probleme met die Peugeot se remme ondervind het wat gekoppel kan word aan 'n versuim om die remstelsel behoorlik van lug te suiwer nie. Dit is gemenesaak dat die Peugeot, nadat daar aan sy remme gewerk is, geen tekens van lug in sy remstelsel getoon het nie. Snyman skryf ook nie die skielike swaai van die Peugeot net voor die botsing aan lug in die remstelsel toe nie, maar wel aan die opbouing van drukking in die remstelsel, wat teenstrydig is met die aanwesigheid van lug daarin.

Gevolglik / ............

Gevolglik het die appellant nie daarin geslaag om kontrakbreuk aan die kant van die respondent te bewys nie.

Al was die ooreenkoms tussen die partye sodanig dat die respondent kontraktueel onder 'n verpligting was om die Peugeot se remstelsel van enige vuiligheid te suiwer, en versuim het om dit te doen, bestaan daar nogtans nie voldoende bewys dat dit die oorsaak van die botsing was nie. Die appellante beweer dat met die laaste aanwending van die Peugeot se remme voor die botsing het die regtervoorwiel vasgeslaan en veroorsaak dat die Peugeot skielik na regs uitswaai. Volgens Snyman was dit die direkte gevolg van vuiligheid in die remstelsel. Dit is nie nodig om 'n gedetaileerde beskrywing van die

Peugeot se hidrouliese remstelsel te gee nie, of in besonderhede op die deskundige getuienis in te gaan nie. Vanaf die remhoofsilinder word remvloeistof deur middel van pype na ŉ silinder op elke wiel gelei wat die drukking op die rem op daardie wiel beheer. Wanneer daar krag op die rempedaal uitgeoefen word, word daar suiers in die remhoofsilinder in werking gestel. Die werking van die suiers veroorsaak druk in die remstelsel wat deurgevoer word na die silinder op elke wiel en die inwerkingstelling van die remme tot gevolg het. Na aanleiding van wat hy bevind het toe hy die Peugeot se regtervoorwiel en remstelsel na die botsing ondersoek het, het Snyman getuig dat daar weens vuiligheid in die remvloeistof ŉ blokkasie was in die pyp wat gelei het na

die remsilinder op die regtervoorwiel. Dit het die behoorlike heen en weer vloei van die remvloeistof in die hidrouliese stelsel belemmer, en veral die terug=vloei van remvloeistof na aanwending van die remme gedeeltelik gestuit. Gevolglik het daar druk opgebou op die rem op die regtervoorwiel, dit het oorverhitting van die rem veroorsaak en met die laaste aanwending van die remme voor die botsing het die rem vasgeslaan weens totale blokkasie van die pyp op daardie tydstip.

Volgens Snyman, toe hy die regtervoorwiel van die Peugeot na die botsing ondersoek het, het hy gevind dat dit stram was en nie wou draai nie. Nadat hy die bloeipunt by die regtervoorwiel losgedraai het, kon hy die wiel weer draai, 'n aanduiding dat daar drukking op die wiel se rem was wat

deur / ...............

deur die losdraai van die bloeipunt vrygestel is. Snyman het ook getuig dat hy vuiligheid in die vorm van klein klonte in die pyp wat na die regtervoorwiel lei, gevind het.

Die appellante se getuienis onderskraag egter nie die deskundige mening van Snyman nie. Dit blyk duidelik uit Snyman se getuienis dat as daar 'n opbouing van drukking in die remstelsel was op die wyse deur hom voorgestel, die appellante sou agtergekom het dat die Peugeot al hoe meer regs neig, en dat die rempedaal "hard" sou gewees het in die sin dat dit nie behoorlik ingetrap sou kon geword het nie. Dit kom, onder andere, uit die volgende vraag en antwoord tydens Snyman se kruisonder=vraging voor:- "U teorie kan net water hou indien mev

Gordon / ...........

Gordon voordat sy die rem getrap het al 'n geleidelike trek of neiging na regs gevoel het en toe sy die rem getrap het, die rempedaal hard, styf moes gewees het? --- Dit is korrek".

Die appellante het nooit getuig dat die Peugeot 'n neiging om regs te trek getoon het op enige stadium voordat dit na die laaste aanwending van die remme kort voor die botsing skielik na regs beweeg het nie. Verder is haar getuienis duidelik dat toe sy die rempedaal op die laaste geleentheid getrap het dit nie styf was nie maar meegegee het en amper tot teenaan die vloer platgetrap was.

Greyvenstein was van mening dat daar nie vuiligheid tot so 'n mate in die Peugeot se remstelsel

aanwesig kon gewees het dat dit die remme kon laat vasslaan het nie, en het skynbare weloorwoë redes vir hierdie mening gegee. Hy het verder getuig dat indien vuiligheid in die remvloeistof drukking in die remstelsel veroorsaak het, dit noodwendig al vier wiele moes geaffek=teer het, en nie net een nie. Gedagtig daaraan dat die regtervoorwiel van die Peugeot met die reling langs die pad gebots het, het hy vier moontlike redes verstrek waarom die regtervoorwiel na die botsing stram kon gewees het en nie wou draai nie. Moontlik verduidelik hier=die redes nie waarom, volgens Snyman, die wiel weer gedraai het nadat hy die bloeipunt op die regtervoorwiel losgedraai het nie. Snyman se getuienis in die verband is egter te betwyfel, want toe hy die rempedaal getoets het, skynbaar voor hy die bloeipunt losgedraai het, het

dit / ..................

dit normaal gewerk. As daar drukking op die wiel deur die rem was wat eers vrygestel is toe hy die bloeipunt losgedraai het, moes die rempedaal, toe hy dit getoets het, hard of styf gewees het vanweë sulke drukking, en nie normaal soos hy dit gevind het nie.

Dit is nie nodig om op verdere aspekte van die getuienis in te gaan wat Snyman se teorie verder onder verdenking plaas nie soos, byvoorbeeld, die afwesigheid van aanvaarbare getuienis dat daar 'n wielsleepmerk oor die pad was, wat die geval moes gewees het as Snyman se teorie juis was. Al word die appellante se getuienis aangaande die gebeure wat die botsing onmiddellik vooraf= gegaan het aanvaar, bly daar myns insiens onvoldoende bewys dat die botsing veroorsaak is deur vuiligheid in

die / ..............

die Peugeot se remstelsel.

Die appèl word bygevolg afgewys, met koste.

J W SMALBERGER

WAARNEMENDE APPèLREGTER

KOTZé, AR )
) STEM SAAM
JOUBERT, AR )